Voorsittersverslag

Maart 1997 tot Februarie 1998

1 Inleiding

Nog n jaar in die byna 40-jaarlange geskiedenis van Centurion Sakekamer is verby. Die jaar het wankelrig begin met die bedanking van die verkose Voorsitter kort na die Algemene Jaarvergadering en voor die eerste bestuursvergadering. Die bestuur het egter hierdie terugslag vinnig oorkom en onmiddellik aan die werk gespring.

Die vorige voorsitter en sy besture het oor die vorige twee jaar gefokus daarop om die beeld van Centurion Sakekamer te verbeter. Hulle het baie goed daarin geslaag en n goeie grondslag gelê waarop die 1997 bestuur kon voortbou.

Die jaar het talle hoogtepunte opgelewer wat hier kortliks uitgelig word en waaroor later meer volledig verslag gegee word:

- Opname onder lede om behoeftes te bepaal
- Geslaagde beplanningsessie deur bestuur
- Loodsing van Mentorskapprogram
- Centurion Sakekamer op die Internet
- Verbetering van kantoor se rekenaar- en kommunikasietoerusting
- Betrokkenheid by die stigting van die Centurion Besigheidsondersteuningsentrum
- Die harde werk en goeie bywoning van vergaderings deur die oorgrote meerderheid van bestuurslede.
- Groei in ledetal.
- Aanstelling van n deeltydse Bestuurder: Skakeling wat n belangrike rol vervul het in die skakeling met lede, werf van nuwe lede en borgskappe en bemarking van Centurion Sakekamer
- Sharper Image ondersoek
- Seminaar oor Arbeidswet
- Positiewe finansiële posisie

Daar was egter ook enkele teleurstellings wat vermeld moet word:

- Die Centurion Gemeenskapskou wat beplan is, moes afgestel word omdat Waterkloof Lugmagbasis hulle aanbod vir die gebruik van hulle fasiliteite teruggetrek het weens ander aktiwiteite op hulle terrein.
- Die uiters teleurstellende belangstelling in die jaarlikse dinee het veroorsaak dat dit afgelas moes word met gevolglike koste vir die sakekamer. Die dinee word nou gekombineer met die Centurion van die Jaar funksie en sal op 15 Mei plaasvind.

- n Aantal van die projekte waarmee begin is, het nie na wense gevorder nie. Dit was hoofsaaklik te wyte aan die groot werkslas van die bestuur.
- Soos in vorige jare is daar weereens gevind dat dit uiterse moeite verg om ledegeld by alle lede te vorder en moes die lidmaatskap van talle lede beëindig word omdat hulle tot op datum nie 1997 se ledegeld inbetaal het nie.

Centurion Sakekamer het die bestuursjaar begin met 74 lede en gedurende die jaar 35 nuwe lede gekry - n bruto groei van byna 50%. Ongelukkig het 21 lede teen die einde van die jaar nog nie hulle ledegeld betaal nie en is hulle lidmaatskap dus beëindig. Daar was dus n netto groei van 14 lede (19%). Alhoewel die groei verblydend is, is daar rede tot kommer oor die verlies aan bestaande lede. Die sakekamer sal hom ten doel moet stel om baie meer lede te werf om sodoende meer verteenwoordigend te word en met n sterker stem te kan praat.

2 Doelwitte

Daar is besluit om voort te bou op die vorige besture se pogings om die beeld van die sakekamer uit te bou maar in 1997 spesifiek aandag te gee aan die waarde wat die sakekamer sy lede bied. n Opname is onder lede gedoen om hulle siening van Centurion Sakekamer te bepaal en uit te vind wat hulle van die sakekamer verwag. Die resultate is gebruik as insette vir n beplanningsessie waarin verskeie projekte geïdentifiseer is waarmee waarde vir lede toegevoeg kon word en die beeld van die sakekamer verder uitgebou kon word.

Opsommend kan gesê word dat ons n uitstekende jaar beleef het met betrekking tot positiewe beriggewing in die media, plaaslik en nasionaal. Talle nuwe projekte is begin terwyl suksesresepte van die verlede nie vergeet is nie. Die AHI het n jaarlikse kompetisie waarin die twee beste sakekamers in die land (in twee kategorieë) aangewys word. Ek is oortuig dat ons sakekamer n uitstekende kans het om een van hierdie trofeë te verower vir die afgelope termyn.

In die res van die verslag word kortliks terugvoer gegee oor die uitvoering van die projekte en resultate wat met hierdie aksies behaal is. Lede kan dus self besluit tot watter mate Centurion Sakekamer en hierdie bestuur in sy doelwitte geslaag en aan die verwagtinge van sy lede voldoen het.

3 Bestuur

Soos reeds vermeld het die bestuur se termyn met n terugslag begin met die bedanking van die verkose Voorsitter. Die terugslag was egter van korte duur en die bestuur het vroeg reeds hard begin werk met die opname onder lede en beplanningsessie.

Twee lede van die bestuur het gedurende die jaar weens werkdruk bedank terwyl Mnr Daan Spies, die vorige Voorsitter, verplaas is uit die gebied en dus ook bedank het. Die bedankings het bykomstige druk op die oorblywende bestuurslede geplaas maar hulle het nie hiervoor teruggedeins nie. Die vakatures is deels gevul deur die kooptering van Mnr André Swart op die bestuur terwyl Mev. Almarien Welman tydelik gekoöpteer is om te help met die reëlings van die Verwoerdburgstad Fase II-funksie. Mnr. Jan Combrink het ook waardevolle bystand verleen met die reël van die seminaar oor die nuwe Arbeidswet.

Teen die einde van die bestuurstermyn is daar besin oor die rolle en pligte van bestuurslede en is besluit om bepaalde struktuurveranderings aan te bring. In wese kom dit daarop neer dat die plat struktuur (met die Voorsitter as knooppunt vir byna alle aktiwiteite) vervang word met n struktuur waarin drie Onder-Voorsitters verantwoordelikheid neem vir die meeste van die aktiwiteite van die sakekamer. Die ander bestuurslede word dan binne hierdie portefeuljes ingedeel en fokus op die bepaalde gebiede van Bemarking, Kommunikasie, Opleiding en Besigheidsontwikkeling. Hierdie struktuur sal die las op die Voorsitter aansienlik verlig maar natuurlik heelwat meer las plaas op die Onder-Voorsitters. Die voorgestelde nuwe struktuur noodsaak sekere wysigings aan die grondwet van Centurion Sakekamer en tree in werking na aanvaarding daarvan deur hierdie Algemene Jaarvergadering.

Die talle nuwe projekte en inisiatiewe en die verlies aan bestuurslede het harde werk en voortdurende entoesiasme vereis van die bestuur. Die feit dat die oorgrote meerderheid van hulle weer beskikbaar is vir die nuwe bestuur, onderstreep hierdie entoesiasme en toegewydheid tot die sakegemeenskap van Centurion. Hiervoor, en vir hulle ondersteuning tydens my termyn as Voorsitter, wil ek graag my opregte dank teenoor hulle uitspreek.

4 Projekte

Soos reeds genoem in die inleiding, is talle nuwe aksies en projekte geloods. Hierdie is nie die plek om al die aktiwiteite te herhaal nie en slegs die belangrikstes word kortliks hier uitgelig.

" ***Opname onder lede***

Die jaar is begin met 'n opname onder lede om te bepaal hoe hulle die sakekamer ervaar en wat hulle van die sakekamer verwag. Alhoewel beter reaksie verwag is (in terme van die hoeveelheid vraelyste wat terugontvang is), het die opname waardevolle inligting verskaf oor die behoeftes van die lede. Hierdie insette is gebruik as riglyne vir beplanning tydens 'n beplanningsessie van die bestuur wat vroeg in Junie gehou is. 'n Verslag van die opname en die notule van die beplanningsessie is ter insae beskikbaar by die kantoor.

" ***Internet***

Centurion Sakemer was na my wete die eerste sakekamer in die land met 'n eie Netplek. Die sakekamer se Netplek was self voor dié van die AHI in werking. Die Netplek gee onder andere inligting oor die bedrywighede van die sakekamer, sy kontakbesonderhede, persverklarings, bestuur, doelstellings en voordele van lidmaatskap. Dit dien as 'n venster na buite en bevorder ook kommunikasie met lede.

Daar is 'n veldtog geloods om sakekamerlede bewus te maak van die voordele wat die Internet vir hulle inhou. 'n Seminaar Die Internet vir Sakemense is gehou om lede en ander belangstellendes hieroor in te lig terwyl spesiale tariewe vir Internetinskakeling ook deur die sakekamer vir lede beding is.

Die Internet, en veral die e-poskomponent daarvan, hou baie belofte in vir verbeterde kommunikasie tussen die sakekamer en sy lede. Daar is egter nog groot ruimte vir verbetering met betrekking tot die aantal lede wat met behulp van Internet e-pos bereik kan word.

" ***Centurion Besigheidsondersteuningsentrum***

Die stigting en inbedryfstelling van die Centurion Besigheidsondersteuningsentrum is 'n projek wat ontstaan het uit die inisiatief van Centurion Stadraad en tans gesamentlik deur die stadsraad en die sakekamer bestuur word. Dit het ten doel om 'n gesonde groeiende sakesektor in Centurion te bevorder en die sukses van klein ondernemings te verhoog deur die vestiging van gesonde besigheidspraktyke. Dit sal bereik word deur die verskaffing van bepaalde besigheidsdienste, inligting en 'n netwerk van diensverskaffers.

Die sakekamer het 'n groot rol gespeel in die voorbereidings vir die verkiesing van 'n werkgroep om die sentrum in bedryf te stel. Mnr. Michael van der Westhuizen, Tesourier van die sakekamer, is die voorsitter van die werkgroep. Die werkgroep het reeds hulle eerste verslag en voorlopige besigheidsplan uitgebring en is besig om dit verder uit te brei. Hulle beoog om binnekort 'n tydelike uitvoerende beampte aan te stel om meer tyd aan die inbedryfstelling te bestee en dit te versnel.

Hierdie besigheidsondersteuningsentrum bied 'n uitstekende geleentheid vir Centurion Sakekamer om by te dra tot gesonde besigheidsontwikkeling in die gebied. Lede kan hulle ondervinding terugploeg en ander sakemense help om op die been te kom. Verskaffers van

besigheidsdienste en -produkte het ook geleentheid om hulle bemarking te rig op n duidelike teikenmark.

" ***Mentorskapprogram***

n Mentorskapprogram is van stapel gestuur na oorlegpleging met lede en ander belangstellendes. Die program is daarop gemik om lede van die sakekamer te ondersteun in die bestuur van hulle ondernemings en om nuwe entrepreneurs by te staan, veral in die kritieke aanvangstyd van hulle ondernemings. Die mentorskapprogram bestaan uit drie komponente:

Onderlinge mentorskap (onderlinge ondersteunings- en besprekingsgroepe)
Tradisionele mentorskap (een-tot-een; mentor tot leerling)
Mentorskap vir entrepreneurs (Lede neem nuwe mikro-entrepreneurs onder hulle vlerk nadat hulle basiese opleiding ondergaan het)

Die eerste komponent, onderlinge mentorskap, is reeds in bedryf. Twee groepe is gevorm wat op gereelde basis vergader om mekaar te ondersteun deur:

- op te tree as klankbord vir mekaar
- kritiese vrae te vra
- rigting en raad te gee
- funksionele kundigheid by te dra
- netwerke uit te brei
- besigheidsprobleme te help identifiseer en formuleer

Die vordering met die eerste groepe word dopgehou en aanpassings sal gemaak word waar nodig. Mentorskap vir entrepreneurs sal aangebied word sodra n duidelike geleentheid geïdentifiseer word. Mnr. Ulrich Langner bestuur hierdie program.

" ***Ondersoek na Sharper Image***

Dit het onder die sakekamar se aandag gekom dat daar moontlik ongerymdhede was in die aanloop tot die mislukking en ontbinding van Sharper Image. Die bestuur het Mnr. Michael van der Westhuizen, een van die bestuurslede en n forensiese rekenmeester, gevra om die aangeleentheid te ondersoek en n aanbeveling te maak oor verdere stappe. Inligting is van die publiek aangevra en groot belanstelling is ondervind. Byna 500 stelle dokumente en verklarings is ontvang en nagegaan.

Die verslag is pas voltooi en aan die likwidateurs van Sharper Image oorhandig wat dit verder sal ondersoek en op enige verdere stappe moet besluit.

Deur hierdie aksie het Centurion Sakekamer getoon dat ons ook optree in belang van die verbruiker en ons deel bydra tot die bekamping van ekonomiese misdaad.

" ***Aanstelling van Bestuurder: Skakeling***

Een van die leemtes wat geïdentifiseer is tydens die bestuur se beplanningsoefening, is dat daar nie genoeg skakeling met lede plaasvind nie. Die stelsel van voogde, waarvolgens n aantal lede aan elke bestuurslid toegewys is vir doeleindes van opvolg en skakeling, was nie doeltreffend nie. Een van die redes hiervoor was die bykomstige las wat dit op bestuur plaas. Die gevolg van die ondoeltreffendheid was dat kommunikasie agteruitgegaan het, bywoning by funksies en aktiwiteite nie altyd na wense was nie en min borgskappe verkry is.

Daar is besluit om n senior persoon op n deeltydse basis aan te stel om die bestuur behulpsaam te wees met skakeling, bemarking, ledewerwing en verkryging van borgskappe. Ons was so gelukkig om die dienste te bekom van Mnr. Nollie Coetzer, n persoon met rype beroeps- en sakekamerervaring. Hy het onmiddellik n verskil gemaak en is steeds besig om met elke bestuursvergadering met nuwe idees en inisiatiewe vorendag te kom.

" ***Seminaar oor Wet op Arbeidsverhoudinge***

n Baie geslaagde seminaar oor die nuwe Wet op Arbeidsverhoudinge is in samewerking met die AHI en Nafcoc aangebied. Die belangstelling was groot en kursusgangers het baie goeie waarde vir hulle geld gekry. Die kursusse is aangebied met die hulp van finansiering van die Switserse regering en kundigheid van die Internasionale Arbeidsorganisasie en was deel van n landwye projek. Die plaaslike seminaar is deur Mev. Hettie Lombaard en Mnr. Jan Combrink georganiseer en het ook n goeie finansiële wins getoon.

" ***Kenmekaarbyeenkomste***

n Eerste byeenkoms in nuwe formaat is op 12 Februarie 1998 by die Lougardiakonferensie-lokaal gehou. By hierdie nuwe kenmekaargeleenthede ontmoet lede mekaar een keer per maand tydens middagete. Dit bied die geleentheid om mekaar beter te leer ken, besigheidskaartjies en ander bemarkingsmateriaal uit te ruil en gesellig te kuier. Te oordeel aan die opkoms by die eerste byeenkoms en terugvoer daarna, is hierdie n suksesresep wat weldra n staande afspraak in menige lid se dagboek sal wees. Mnr. Nollie Coetzer organiseer hierdie byeenkomste.

Ander minder prominente nuwe aktiwiteite en projekte sluit in:

" Opgradering van die kantoor se rekenaartoerusting, aanskaf van n modem vir faks- en e-posfasiliteite en die installering van n bykomstige telefoonlyn vir die hantering van die elektroniese kommunikasie. Hierdie fasiliteite moet nog tot hulle volle potensiaal uitgebou word en daar word ook aandag geskenk aan die verbetering van die kantoormeubels, veral met betrekking tot pakplek. Die kantoorruimte is baie beperk maar die vooruitsig bestaan dat groter fasiliteite bekom sal kan word in samewerking met die CBOS.
" Daar is begin met die ontwikkeling van n databasis van lede en ander organisasies in Centurion. n Eerste orde behoefte is uiteengesit en daar word tans gekyk na n geskikte databasis. Baie werk moet nog gedoen wod voordat hierdie projek vrugte sal lewer maar daar word weereens geskakel met die CBOS om duplisering te vermy en kragte saam te snoer.
" n Skemerkelkonthaal is gehou om moontlike nuwe lede in te lig oor die sakekamer en hulle te nooi om lid te word. n Groot aantal van die genooides het wel aangesluit. Hierdie geleentheid is gereël deur Mnr. Dicky Mertsch, Onder-Voorsitter van Centurion Sakekamer.

Soos genoem in die inleiding, moes die beplande Gemeenskapskou ongelukkig voorlopig op die langebaan geskuif word. Na aanvanklike positiewe betrokkenheid van die Centurion Stadsraad en Waterkloof Lugmagbasis, wat terrein en onderdakfasiliteite sou voorsien, moes ons verneem dat die terrein nie meer beskikbaar is nie. n Geskikte terrein is van kritiese belang vir sodanige onderneming en aangesien geen ander geskikte terrein gevind kon word nie, is die skou vir die huidige afgestel.

Bogenoemde was die hooftrekke van die nuwe projekte en aktiwiteite van die afgelope jaar. Hier volg n kort oorsig oor die aktiwiteite wat reeds vantevore aangebied is en weer hierdie jaar met sukses deurgevoer is:

" ***Centurion van die Jaar***

Die jaarlikse Centurion van die Jaar-toekenning is op 20 Maart tydens n funksie in die burgemeester se ontvangslokaal aan Prof. Willem Landman oorhandig vir sy dekades van diens aan die gemeenskap van Centurion deur sy betrokkenheid by skool-, kultuur- en kerkaangeleenthede. Die volgende toekenning sal met nog meer luister geskied aangesien dit sal plaasvind tydens die sakekamer se dinee op 15 Mei 1998.

" ***Golfdag***

Die jaarlikse gholfdag is vir die eerste keer op die nuwe baan van Centurion Estate plaasgevind. n Wins van byna R9000 is behaal met hierdie suksesvolle poging wat deur Mnr. Nico Schutte georganiseer is.

" ***Beurse***

Vier beurse vir studente in n handelsrigting wie se ouers in die Centurion-gebied woon, is weer verlede jaar toegeken.

" ***Centurion Wildsfees***

Centurion Sakekamer het weer soos tevore n lapa gehad by die jaarlikse Centurion Wildsfees wat in Augustus gehou is. Ongeveer 40 gaste is gehuisves en het gesmul aan die heerlike potjie en ander disse. Die reëlings is getref deur Mnr. Nico Schutte.

" ***Opleiding- en Inligtingseminare***

Die volgende opleidings- en inligtingsminare is gehou benewens dié wat reeds genoem is:

- Begroting 1997
- Staan saam teen misdaad
- Ontwikkeling by Verwoerdburgstad: Fase II

" ***Sekretaressedag***

Die plaaslike viering van Sekretaressedag word elke jaar groter. Centurion Sakekamer was weer betrokke by die aanbieding van die daglange seminaar en middagete saam met Centurion Stadsraad en Centurion Kollege. Mev. Hettie Lombaard het ons op die reëlingskomitee verteenwoordig.

" ***Nuusbrief***

Die Centurion SakeBrief en Centurion SakeFlits is in die verlede deur my hanteer. Die nuusbrief het egter gely onder die bykomende verpligtinge wat voorsitterskap van my vereis het. Om die gaping te vul is n aantal nuusflitse uitgebring. Ongelukkig het dit lank geneem om iemand te vind wat die taak kon oorneem maar Mnr. Joël Kotze van het reeds sy invloed laat geld met die uitgawe wat in November verskyn het en ons sien uit na meer gereelde nuusbriewe in die nuwe jaar. Mnr. Hennie Lombaard het n groot rol gespeel in die verkryging van Mnr. Kotze se dienste en die samestelling van die November-uitgawe.

" ***Jaarafsluiting***

Na die kansellasie van die beplande dinee, is besluit om n minder formele funksie te hou om die jaar se bedrywighede mee af te sluit. Hierdie geslaagde skaapbraai is deur Mnr. Hennie Lombaard (bygestaan deur Mev. Lombaard) gereël en deur n goeie aantal lede bygewoon. Dit baan die weg vir n nuwe resep bestaande uit n formele dinee waartydens die Centurion van die Jaar ook gekroon kan word en n minder formele funksie aan die einde van die jaar.

Die bestuur van Centurion Sakekamer was ook deurlopend betrokke met skakeling met verskeie instansies en insette is op talle terreine gegee. Dit sluit in:

- Polisieskakelforums
- Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir Centurion
- Centurion-Mabopane Korridor
- Kommentaar op die Groenskrif oor Plaaslike Regering
- Forums van die Groter Pretoria Metropolitaanse Raad
- AHI en AHI Gauteng

Centurion Sakekamer geniet goeie betrekkinge met die plaaslike stadsraad. Hierdie goeie betrekkinge word weerspieël in die samewerking met betrekking tot die CBOS. Ons stem ook saam oor belangrike aspekte soos die negatiewe invloed wat n eenstad -plaaslike regeringsmodel op die ontwikkeling in Centurion kan hê. Die positiewe gesindheid teenoor mekaar is verblydend omdat dit

die geleentheid vir die uitbouing van n sakevriendelike omgewing verhoog. Ons mag egter nie toelaat dat dit ons blind maak vir foute deur die stadsraad nie.

Dit vereis baie tyd en aandag van bestuurs- en ander lede om hulle deel by te dra by al hierdie belangegroepe en ongelukkig was dit nie altyd moontlik om n 100% bydrae op al hierdie terreine te lewer nie. Ek is van mening dat die sakekamer se betrokkenheid by hierdie sake toenemend belangrik word en die nuwe bestuurstruktuur dui op die belang wat die bestuur heg aan hierdie skakelings- en beïnvloedingstaak. Dit is egter gebiedend noodsaaklik dat meer lede betrek word om Centurion Sakekamer te verteenwoordig en as oë, ore en monde te kan optree.

5 Jaarprogram

Die hooftrekke van die openbare program van Centurion Sakekamer word volledigheidshalwe hier weergegee. Bywoning van funksies was oor die algemeen goed. Dit is bemoedigend dat n groot aantal nie-lede ons funksies bywoon. Dit is egter bekommerenswaardig dat daar soms so min belangstelling onder lede bestaan. Die grootste teleurstelling van die afgelope jaar was die afstel van die jaarlikse dinee weens die uiters swak belangstelling. Dit het n aansienlike verlies vir die sakekamer tot gevolg gehad.

13 Maart:	**Staatsbegroting**
20 Maart:	**Centurion van die Jaar**
6 Mei:	**Gholfdag**
29 Mei:	**Staan saam teen misdaad**.
25 Junie:	**Wen met mentorskap**
16 Augustus:	**Centurion Wildsfees**
18 Augustus:	**Stigtingsvergadering van CBOS Werksgroep**
28 Augustus:	**Fase II Ontwikkeling Verwoerdburgstad**
3 September:	**Sekretaressedag**, Sakekamer, Centurion Kollege & Stadsraad
16 Oktober:	**Internet vir die Sakelui**
7 November:	**Jaarafsluiting**
19 November:	**ILO seminaar**: **Wet op Arbeidsverhoudinge**
12 Februarie:	**Kenmekaarbyeenkoms**
24 Februarie:	**Algemene Jaarvergadering**

6 Finansies

Die finansiële state vir die jaar is reeds tydens hierdie Algemene Jaarvegadering ter tafel gelê en ek wil dus nie in besonderhede ingaan nie. Daar is gepoog om met elke funksie of byeenkoms ten minste gelyk te breek en met enkele uitsonderings is hierin geslaag. Die gholfdag en seminaar oor arbeidswetgewing het uitgestaan as die grootste verdieners van inkomste ná die inkomste uit ledegeld. Dit het die gevolg gehad dat ons die jaar kon afsluit met n klein surplus en dus nie ons reserwefondse verminder het nie.

Dit was gerustellend om die finansiële sake te kon laat in die bekwame hande van Mnr. Michael van der Westhuizen.

7 Grondwetwysigings

n Aantal wysigings aan die Grondwet van Centurion Sakekamer is voorberei en aanvaar. Benewens n aantal taalkundige en administratiewe veranderings maak dit voorsiening vir n nuwe bestuurstruktuur waarin drie Onder-Voorsitters die las van die Voorsiiter verlig en verantwoordelikheid neem vir bepaalde fokusareas. Die wysigings maak ook voorsiening daarvoor dat die Voorsitter voortaan deur en vanuit die gekose bestuur verkies sal word en nie meer direk deur die Algemene Jaarvergadering nie.

8 Rol van Centurion Sakekamer

Die veranderde politieke omgewing het die afgelope jaar werklik 'n verskil begin maak aan die sake-omgewing en dus die Centurion Sakekamer. Nieteenstaande positiewe beleidsaspekte soos hoofsaaklik vervat in GEAR, vergestald nuwe en beplande wetgewing 'n sterk beweging na 'n vakbondvriendelike omgewing en weg van 'n werkgewers-, en dus besigheidsvriendelike, omgewing.

Georganiseerde handel en nywerheid lewer op die hoogste vlak hulle insette maar ons as sakekamer kan dit nie net aan Besigheid Suid-Afrika en die AHI oorlaat om besigheid se stem te laat hoor nie. Ons moet hulle stem versterk deur getalle uit te brei sodat daar vanuit 'n sterker magposisie onderhandel kan word. Ons moet binne sakekamerverband reageer op wetgewing, beleid en planne op nasionale, provisiale en plaaslike regeringsvlak. Om dit doeltreffend te kan doen, is die volgende nodig:

- Groot ledetal sodat met reg namens besigheid gepraat en opgetree kan word.
- Bewustheid van die tersaaklike wetgewing, beleid en planne sodat betyds gereageer kan word en waar moontlik pro-aktief opgetree kan word.
- Kundigheid om 'n betekenisvolle bydrae te kan lewer.

Ek is oortuig dat die kundigheid binne die sakekamer en die res van die besigheidsgemeenskap bestaan. Ons moet egter die kundiges identifiseer en betrek by ons aksies.

Ons is nog nie genoegsaam bewus van al die tersaaklike invloede waarop ons moet reageer nie. 'n Daadwerklike poging moet aangewend word om die belangrikste forums en invloede te identifiseer, te monitor en deel te neem. Die nuwe bestuurstruktuur sal hiermee help maar baie werk moet nog gedoen word.

Ons ledetal moet daadwerklik uitgebrei word. Die groei van die afgelope jaar was bemoedigend maar die potensiaal vir verdere uitbreiding van ledetal in hierdie area is geweldig groot. Tans praat ons namens georganiseerde besigheid in Centurion omdat ons die enigste oorkoepelende organisasie is wat besigheid verteenwoordig. Ons is egter nog baie vêr van 'n posisie waarin ons werklik ons stem kan dikmaak en aanpraak maak daarop dat ons namens die meerderheid van besighede praat.

Terwyl ons aandag gee aan hierdie strategiese aspekte wat van uiterste belang vir ons toekoms is, mag ons nie die taktiese behoeftes van ons lede vergeet of afskeep nie. Daarom sal ons hierdie dinge moet doen bykomstig tot al die ander aktiwiteite soos opleiding- en inligtingseminare, kenmekaarbyeenkomste, en sosiale geleenthede. Indien ons nie ons lede op daardie gebiede van waarde kan wees nie, sal ons ook nie kan groei en die getalle bereik wat ons op strategiese vlak sal bemagtig nie.

9 Bedankings

Ek wil graag die volgende persone bedank vir hulle besondere hulp en bystand gedurende die afgelope bestuurstermyn:

- Bestuurslede van Centurion Sakekamer vir hulle toegewyde ondersteuning en harde werk van die afgelope jaar. Weens die talle aktiwiteite waarmee ons besig was, het vergaderings soms lank geduur maar dit het nogtans nie tot 'n afname in bywoning en aktiewe deelname gelei nie.
- Heleen de Beer wat weer soos tevore op haar bekwame wyse die kantoor beman en my met al die administratiewe sake ondersteun het.
- Mnr. Gerhard Lourens van Lougardia vir die konferensielokaal wat gereeld gratis tot ons beskikking gestel is vir bestuursvergaderings en ledebyeenkomste en Mev. Kriel van Lougardia Restaurant wat gereeld die spyseniering tydens ons funksies hanteer het.
- Mnr. Dickie Mertsch van Sanlam Centurion-Streek vir die konferensielokaal wat ons gereeld gebruik het vir dagbestuursvergaderings.
- Die media, veral Beeld, Centurion Rekord en Centurion Nuus, vir positiewe en opbouende beriggewing oor die aktiwiteite van Centurion Sakekamer.

- My gesin vir die tyd wat hulle my aan die sakekamer afgestaan het
- Alle sakekamerlede vir u bydrae en deelname gedurende die afgelope jaar. Ek vertrou dat u self voordeel getrek het uit u lidmaatskap en tevrede is met wat die afgelope jaar verrig is.

Dit was vir my n voorreg om te dien as Voorsitter van hierdie dinamiese sakekamer. Ek sien uit daarna om weer betrokke te wees op die bestuur en wens die nuwe Voorsitter en bestuur alle voorspoed toe vir die uitdagings wat die nuwe termyn inhou.